DIT GAAN GOED MET DIE NG KERK!

(Die vier leraars van NGK Jeffreysbaai besoek gemeentes oor die land - Feb 2007)

Dit het alles om die ontbyttafel begin. Ons vier Jeffreysbaai priesters saam met ons aide de camps. Elkeen van ons het ‘n “pastorale hulpleraar” om ons te help met huisbesoek, bejaardebesoek, siekebesoek en watter ander besoek ook al van ons gevra kan word. Een maal per kwartaal ontbyt ons saam, en dan skinder ons ‘n hond uit ‘n bos uit. So het dit gekom dat een van die hulpe pas uit Pretoria terug is, waar hy en sy vrou die nuutste sensasie in Gauteng gaan ervaar het.

“Man, julle moet gaan kyk - dis te wonderlik om te glo! So professioneel!” Een woord op die ander, en soos dit met ‘n klomp dominees gaan, besluit ons daar en dan: Jeffreysbaai se dominees moet noorde toe, om te gaan afkyk, om te gaan leer, om Jeffreysbaai met nuwe entoesiasme te kan lei.

Die kerkraad was ingenome met die plan. Sonder enige vrae het hulle die geld voorsien, en voor ons ons oë uitvee is ons op die lang pad boontoe.

Ons eerste stop was Bloemfontein, daarna Johannesburg, tot bo in Pretoria, waar ons sommer ook met ‘n dominee uit Waterberg kon kuier, weer terug Bloemfontein toe, en na besoeke aan die leiers van 14 gemeentes, eredienste in 5 gemeentes, en op die koop toe ‘n kursus in Powerpoint Presentations, was ons terug by die huis.

Vuur en vlam, amper soos Petrus en sy pêlle. Sit jy nou nog die g(G)ees van Jeffreysbaai se wind daarby, en dit word al hoe moeiliker om rasioneel en rustig te vertel wat ons alles geleer het!

Kom ons begin by die ding van die **visie**. Ons het van voor af geleer dat ‘n gemeente in elk geval ‘n visie het. Formuleer jy hom nie, weet jy nie mooi waarheen jy op pad is nie. Formuleer jy hom wel, gee God vir jou ‘n kragtige tool, nie soseer om al die eendjies van jou doelwitte en jou beplanning en jou struktuur in ‘n ry te kry nie, maar veel meer om jou gemeente se mense saam te bind en te motiveer en te energeer. Nog belangriker egter, die visie sê wie ons is, waar ons vandaan kom, en waarheen ons op pad is. Lidmate wat die visie uitleef, leef ons gemeente se kultuur en identiteit. Hierdie kultuur en identiteit word natuurlik bepaal deur die gemeente se verhaal en mense en leiers en omgewing, maar dit word ten diepste bepaal deur God self. God het die gemeente met ‘n doel juis op hierdie plek geplaas, Hy wil hierdie gemeente stuur om deel te word van dit waarmee Hy reeds besig is. Ons visie help ons om ons **missionêre identiteit** te ontdek en daarnatoe te leef. Dat ons dit kon leer en prakties kon sien werk is seker die grootste winspunt van ons besoek.

Dit is dus verskriklik belangrik om niks aan te pak as dit nie uit die visie uit gegroei het nie. Die visie vertel die gemeente se storie, en jy kan nie goed doen wat nie die storie verder neem nie. ‘n Ander woord hiervoor is “**konteks**”. Ons het van vooraf besef ons maak in die NG Kerk te veel van eenvormigheid tussen gemeentes en te min van die konteks waarbinne gemeentes deur die Here gebruik word om sy koninkryk te laat kom. Dit sny na twee kante toe. Die volgende storietjie vertel van die een kant: Pas na ons terug is hoor ons hoe ‘n groepie bejaardes in ons gemeente onder mekaar gehoop het dat die dominees tog net nie met te veel nuwe goed teruggekom het nie! (Moral of the story: Nie alles wat in ander gemeentes werk, gaan hier by ons werk nie!) Die ander kant is egter ook geldig: Dit is krities belangrik om in ag te neem dat ons konteks voortdurend verander. Ons kan nie aanhoudend dieselfde dinge doen net omdat dit in die verlede gewerk het nie. Om hierdie eierdans te kan loop sal God ons met baie wysheid moet seën!

‘n Gemeentevisie maak ook die lidmate se oë oop vir die konteks waarin hulle leef. Dit help hulle om met Jesus se oë daarna te kyk. As lidmate hulle roeping ontdek sien hulle skielik **mense se nood** in ‘n ander lig. Die verhale van gemeentes se gemeenskapsbetrokkenheid was oorweldigend. Een gemeente het ‘n speelpark op hulle kerkterrein waar kinders enige dag van die week veilig kan kom speel, ‘n ander gemeente het ‘n gastehuis wat huisvesting bied vir hospitaalpasiënte se familie, speelgroepe en kleuterskole en selfs junior laerskole is algemeen, ‘n ander gemeente bou ‘n groot lapa waar enige mens uit die gemeenskap kan kom braai en agter veilige heinings kan ontspan, en dan praat ons nie eers van die werkskeppingsprojekte en HIV/Vigs programme en voedsel- en klere voorsiening en pastorale sentrums waar enige iets van huweliksvoorligting tot mediese bystand tot traumaberaad tot geestelike begeleiding deur professionele hulpverleners uit die gemeenskap gedoen word nie. As God eers lidmate aan die droom sit is daar geen keer aan hulle nie.

Die visie gee dus betekenis aan elke enkele **gemeente aktiwiteit**. Dit bepaal die eredienste, dit bepaal die begroting, dit bepaal die manier en die inhoud van die kategese, dit bepaal die samestelling en funksionering van die leierspan, dit bepaal die manier hoe die gemeente se administrasie werk, selfs die pastoraat kry nuwe betekenis uit die visie. Een gemeente vertel hoe hulle pastorale sentrum nie sukkel om vrywilligers te kry nie, want elke persoon wat ondersteun word word gehelp om te verstaan dat God hulle swaarkry gebruik om weer ander se swaarkry te help verlig. “By ons”, sê die dominee, “is pastoraat nie net om mense te troos nie, dit doen ons ook, maar ons troos hulle deur van hulle dissipels te maak”.

Die visie bepaal ook die **geboue**. Net soos wat baie gesinne na ‘n groter huis moes trek toe die kinders begin kom, of ten minste aan die huis moes bybou, net so moet elke gemeente ook maar van tyd tot tyd weer kyk of hulle “woonhuis” (en ook God sin!) nog voldoen aan die behoeftes van hulle roeping en hulle konteks en hulle visie. Ons is getref deur die toeganklikheid vir die eiesoortige behoeftes van die jeug, die ruimte vir gebed in

‘n kapel of ander stil ruimte, en die manier waarop erediensruimtes ingerig word om mense te help om tuis en ontspanne te voel. Kerke se geboue word ‘n nuwe lewensruimte, ‘n familiehuis, by party gemeentes selfs ‘n geestelike mall met koffiemasjiene, tafeltjies onder bome, boekwinkels, gedenkmure en inligtingstoonbanke.

Hoe groter die gemeente, hoe belangriker word dit om doelgerig en bepland te **kommunikeer**. Kommunikasie het baie te doen met wat die leiers aan die gemeente sê. Die gemeentes wat ons besoek het, doen dit omtrent sonder uitsondering uitmuntend. Die skriftelike kommunikasie (aankondigings, kalenders, inligtingsbrosjures, ens) is strykdeur van ‘n hoë gehalte, professioneel, in kleur, met grafiese voorstellings, prente en foto’s, interressante en pakkende skryfstyl, uitstekende drukwerk, ens. Die leiers kommunikeer hulle boodskap ook op innoverende maniere in die erediens en deur middel van omgeegroepe en die hele leierskapstruktuur van die gemeente. Aan die ander kant luister die gemeenteleiers baie doelgerig en intensief na wat konkreet in die lewens van hulle gemeenskappe aangaan. Hulle probeer verstaan wat hulle lidmate se behoeftes is, maar hulle luister ook na die nood en die vrae van die omgewing waar God hulle gemeentes geplaas het.

Dit was vir ons lekker om te sien hoe elke gemeente waar ons was moeite doen om **na God se Woord te luister**. Baie volg die luisterseisoen, ander volg die Wandel in die Woord patroon van die Gestuurde Gemeentes Vennootskap, van die gemeentes stuur gereeld hulle leiers op ‘n wegbreek om te gaan stil word en God se wil vir die gemeente te ontdek. Die geheim is uiteindelik om die hele gemeente op ‘n reis deur die Woord te neem. Eredienste, omgeegroepe, kategese en jeuggroepe, almal luister doelgerig saam na dieselfde tekste en temas.

Hoe groter die gemeente, hoe belangriker is dit om die **diversiteit** van die gemeente nie net te erken en daarvoor ruimte te maak nie, maar om dit te vier as ‘n gawe van God en om dit in te span om die diverse gemeenskappe waarbinne die gemeente leef met sy liefde te bedien. Eredienste word ingespan om die behoeftes van verskillende ouderdoms- en spiritualiteitsgroepe aan te spreek, lidmate het ‘n keuse om in wyke of omgeegroepe bedien te word (alhoewel omgeegroepe by omtrent al die gemeentes die primêre vorm van bediening aan lidmate is), en dan is daar natuurlik ritse en ritse verskillende bedieningsaktiwiteite waar lidmate hulle roeping en gawes kan uitleef. Lidmate se lewenstyle verskil ook al hoe meer. Baie is net op Sondae beskikbaar, en daarom is daar gemeentes wat geen jeugaktiwiteite gedurende die week reël nie. Alles vind net op Sondae plaas. Aan die ander kant het party van die stadsgemeentes ontdek ‘n betekenisvolle groep van hulle lidmate vlug oor naweke weg van die stad af - hulle is nooit op Sondae in die gemeente nie. Vir hulle word daar op Woensdagaande ‘n erediens gereël wat amper ‘n duplikaat is van die gewonde Sondag oggenddiens.

Groter gemeentes het gewoonlik groter groepe **jongmense**, wat dit moontlik maak om meer direk aan te sluit by verskillende ouderdomsgroepe se spesifieke behoeftes. Dit het ons veral getref hoe ouers en gesinne bereid is om lojaal in te skakel by gemeentes wat moeite doen met ‘n betekenisvolle baba- en kinderbediening. Van die gemeentes wat ons besoek het spandeer geweldig baie geld en energie aan hulle kinderbediening - spesiale lokale, projektors, klankstelsels en voltydse personeel. Ons was ook by tiener eredienste wat deur omtrent geen volwassenes bygewoon word nie, gewoon omdat dit so tienergerig is dat volwassenes daar glad nie tuis voel nie. Dit was egter ook mooi om te sien hoe hierdie selfde gemeentes moeite doen om rondom die eredienste ‘n egte intergenerasionele bediening tot stand te bring, waar jonges en oues saamkom om mekaar betekenisvol te leer en te bedien. Die NG Kerk het oor jare ‘n ryk tradisie van jeugbediening opgebou, en dit word stewig in stand gehou.

Ons moet ook iets sê oor **leierskap**. Gemeentes wat dinamies en vernuwend wil groei kan dit nie doen as die leiers van die gemeente nie dinamies en innoverend is nie. Wat ons die meeste beïndruk het is dat die leiers op datum is met die nuutste teologiese kennis, en goed geskool is in leierskap en bestuurswetenskap. Ons was voortdurend getref deur die leiers se entoesiasme en hulle roepingsbewustheid, asook deur die trots wat uit hulle straal as hulle oor hulle gemeentes begin praat. Die leierskapstrukture maak ruimte vir direkte inspraak deur lidmate, deur seker te maak die demografiese groepe (in terme van geslag en ouderdom) in die gemeente is goed verteenwoordig. Dit is selfs een gemeente se beleid om altyd iemand op die kerkraad en in alle kommissies aan te stel wat minder as ‘n jaar in die gemeente woon. Bestuurspiramides word so plat as moontlik gehou. Die dae is verby dat die dominees êrens eenkant gaan sit en besluite neem oor die gemeente se bediening. Alhoewel die dominees baie tyd saam met mekaar spandeer om saam met mekaar teologies te groei, word die lidmate van die gemeente altyd ingetrek as die gemeente se bediening beplan word. Lidmate word ook ongelooflik bemagtig vir en vertrou met die bediening van die gemeente. In groot gemeentes kan die dominees (en ook die kerkraad!) nie by alles wees nie, en dit maak die deur oop vir lidmate om ten volle verantwoordelikheid te aanvaar vir die gemeentelewe.

Was ons toer die moeite werd? Miskien het ons te min uitgevind oor wat nie in gemeentes werk nie, miskien het ons te veel met die dominees gepraat en te min met die lidmate self, ons het ook gewonder of ons nie meer by groot plattelandse gemeentes moes uitkom en minder by die gemeentes in die stad nie, en ons dink dit sou goed gewees het om ‘n paar lidmate uit ons leierskap saam te neem. Nogtans is ons oorweldig deur al die positiewe goed wat met ons vier predikante gebeur het. Ons eie identiteit het gegroei, ons roepingsbewustheid, ons entoesiasme, ons liefde vir mekaar, ons begrip vir wie ons gemeente is, en ons kennis. Daarby het ons ontdek dat dit met die NG Kerk baie goed gaan. As soveel gemeentes soveel moeite doen om God se stem te hoor en dit te gehoorsaam, kan dit mos nie sleg gaan met ons kerk nie!